

# Wag geduldig op volgende blaaskans

**Met Paasnaweek én die skoolvakansie agter die rug, is leeglê vir 'n wyle verby. 'n Volgende blaaskans, in die vorm van 'n langnaweek, wink wel teen die einde van die maand met Donderdag 27 April, 'n openbare vakansiedag, en Vrydag 28 April 'n skoolvakansiedag. Maandag 1 Mei is ook 'n openbare vakansiedag weens Werkersdag op dié dag.** FOTO: HELENA BARNARD

## Hoofartikel

# Dié in grootse werk maklik uitgebuit

**Tydens vroegoggend-staptogte oor die pas afgelope Paasnaweek was die woonbuurte stil.**

Geen skoolverkeer; weinig mense op pad werk toe.

Maar in bykans elke straat kom 'n mens hulle teë – dié vroue wat as 'n huishulp die arbeidsmark betree het, en op pad werk toe is.

Hulle is van die ongeveer 76 miljoen huishulpe oor die wêreld heen, aldus Women in Informal Employment: Globalizing and Organizing.

Volgens die International Labour Organization (ILO), wat ongeveer dieselfde aantal huishulpe aandui, word die meeste huishulpe in Suid-Amerika en die Midde-Ooste aangetref, met heelwat minder in Afrika, en die kleinste aantal in Noord-Amerika, Australië en dele van Europa.

Ongeveer 80% van huishulpe, volgens dié webwerwe, is vroue wat hoofsaaklik aangestel word om huis skoon te maak, wasgoed te was en stryk, kinders op te pas, na troeteldiere om te sien, kos te maak en in sommige gevalle bejaardes te versorg.

Oor die wêreld heen word mans in die beroepsgroep ook as tuiniers, motorbestuurders of 'n "butler" aangewend. In Suid-Afrika is dit nie algemeen nie.

Ongeag die groot aantal mense in dié beroep is dit oraloor glo 'n taamlik ongereguleerde bedryf. Na raming is daar eerder ongeveer 100 miljoen huishulpe, met 'n groot aantal wat nie volgens arbeidsregulasies geregistreer is nie. Dit is 'n bedryf waarin werknemers glo die meeste en die maklikste uitgebuit word, met vele leemtes op die front van arbeidswette.

Volgens die ILO lewer huishulpe noodsaaklike dienste en ondersteuning in miljoene huishoudings oor die wêreld heen, en lewer hulle indirek 'n positiewe bydrae tot hul werkgewers se beroepsukses.

"Domestic workers make life work for millions of families," aldus domesticemployers.org.

In watter mate dra jy daartoe by dat jou huishulp se lewe leefbaar is?

## Little gem

### computational thinking

A problem-solving technique derived from computing and computer science. It involves breaking problems down into simple steps. This is Pharos Woordeboeke/ Dictionairies' word of the month for March.

The Afrikaans word for March is "rampokkerstaat", describing a government or country influenced by strong crime syndicates, which in some cases control it.

**Hou jou selfoon se kamera oor dié blokkie om *NoordkaapBulletin* te lees. Lees elke week die nuutste koerant as 'n e-publikasie by streeksnuus. netwerk24.com en volg die Facebook-blad NoordkaapBulletin vir daaglikse plasings.**

CENTRAAL24

NOORDKAAP BULLETIN

**REDAKTEUR / EDITOR**
Helena Barnard helena.barnard@media24.com
**MEDEWERKER / EDITORIAL MEMBER**
Charné Kemp charne.kemp.writer@gmail.com
**ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS**
Natasha Ingram natasha.ingram@media24.com 082 567 3883
**BETREKKINGS / VACANCIES**
Noleen Petersen noleen.petersen@media24.com 051 404 7813
**REGSKENNISGEWINGS / LEGAL NOTICES**
noordkaapbulletinlegals@media24.com 051 404 7600
**GEKLASSIFISEERD / CLASSIFIEDS**
noordkaapbulletinadverts@media24.com 051 404 7600

**OMBUDSMAN**
Kontak NoordkaapBulletin se ombudsman oor klagtes: Stuur alle klagtes, navrae of voorstelle oor die inhoud van die koerant aan ons ombudsman, George Claassen by 021-851-3232 of na george.claassen@media24.com.



Geen redaksionele materiaal of advertensie mag gereproduseer word sonder die toestemming van Media24 nie (artikel 12(7), Wet op Kopiereg 1978).

Press Council FAIR
NoordkaapBulletin proudly displays the "FAIR" stamp of the Press Council of South Africa, indicating our commitment to adhere to the Code of Ethics for Print and online media, which prescribes that our reportage is truthful, accurate and fair. Should you wish to lodge a complaint about our news coverage, please lodge a complaint on presscouncil.org.za or email the complaint to enquiries@ombudsman.org.za. Contact the Press Council on 011-484-3612.

## Twyfelhoekie

# Vrede kosbaar en groter as alle begrip

HANNES NOËTH

**Die afgelope week kry ek 'n boodskap van iemand wat lui dat as iets 'n mens se vrede kos, is dit te duur.**

Dit sit my gedagtes aan die gang oor wanneer 'n mens nou werklik vrede het.

Wat is dit wat vir 'n mens vrede bring?

En hoekom is so baie mense hul lewe lank op soek na vrede?

Waarom is party mense net lewenslank rusteloos?

Is dit nie opmerklik hoe party mense kan vrede bring wanneer hulle in 'n geselskap inkom – terwyl ander die atmosfeer van vrede kom ontneem nie?

Hoe meer ek daaroor nadink, hoe meer besef ek dat 'n mens in jouself nie sommer net vrede vind nie.

Vrede is iets wat straal uit hulle wat dit het.

By hulle wat dit kort, kan dit nie gekoop word nie en nie voor gewerk word nie en nie met goeie vermoëns net geskep word nie.

Vrede is werklik kosbaar, duur en nie iets waarmee 'n mens ligtelik moet omgaan nie.

'n Mens moet ook nie ander mense van hul vrede ontneem nie.

En 'n mens moet vredemaker wees op elke terrein van die lewe.

Ons leer mos, geseënd is die vredemakers.

Daarom is hierdie pas afgelope Paasnaweek nie iets waarmee 'n mens moet ligtelik omgaan nie.

Paasnaweek, vir dié wat die betekenis daarvan verstaan, bring 'n vrede wat verstand te bowe gaan.

Groter vrede as waarvoor 'n mens kan werk en vrede wat klaar betaal is.

Vrede wat duur gekoop is.

Daarom, in hierdie tyd, mag jy vrede beleef wat verstand te bowe gaan.

## Potpourri

# Leer uit teleurstelling

KARIN MULLER

**Die uniekheid van negatiewe emosies verskil soos die uniekheid van mense verskil.**

Iemand sal 'n spesifieke negatiewe emosie as ongelooflik sleg ervaar, terwyl iemand anders dieselfde emosie as nie so sleg ervaar nie. Daar gaan waarskynlik 'n ander emosie wees wat laasgenoemde persoon as baie sleg ervaar.

Benewens spyt is teleurstelling 'n negatiewe emosie wat ek as besonder sleg ervaar. Veral as 'n mens meen dat jou verwagting nie onrealisties was nie.

Veronderstel ek hardloop my eerste halfmarathon en verwag 'n rekordtyd. Dan sou ek moes verstaan waarom ek teleurgesteld staan. My verwagting was onrealisties om mee te begin.

Dit is wanneer die verwagting amper ondergemiddeld realisties is dat hierdie negatiewe emosie soos 'n baie swaar klip in jou binneste gaan lê.

Wat as jou verwagting realisties is? Soos om van bogemiddelde mense 'n gemiddelde optrede te verwag en dan ondergemiddeld te kry.

Stap jy terug op jou eie voetspore om weer so 'n teleurstelling te probeer verhoed, kan jy nie werklik agterkom waar jy fouteer het nie. Moet 'n mens minder verwag; glad nie iets verwag nie? Hoe gaan dit werk?

Iewers moet 'n mens tog vertroue in die mensdom probeer hou. Iewers kruis iemand weer jou pad wat jou aangenaam verras en die teleurstelling verminder. Intussen moet jy die teleurstelling verwerk. Mense sien dinge verskillend; tree verskillend op.

Mag ons uit teleurstellings leer – terwyl ons steeds vertroue in die mensdom behou.

## Kameeldoring

# Geduld gee beloning

CHARNÉ KEMP

**"Good things come to those who wait, but only what's left from those who hustle!" – Abe Lincoln, *Acts of the Apostles***

Ongeduld is 'n sterk eienskap waarteen 'n mens voortdurend moet stry. Ook onverskilligheid en voortvarendheid.

Dit is die ideale bestanddele vir 'n driepootpot vol moeilikheid op 'n oop vuur met onbeheersde, vuurwarm vlamme en vonke.

Ongeduld en haastigheid gaan gepaard met lompheid en 'n talent om goeters te breek.

Glase, borde, vase.

Dit verg 'n ysere wil om met jouself te praat. (Wat 'n ander soort euwels uit jou dieptes kan wakker maak, maar meer daaroor op 'n ander keer.)

Stadig nou, wees versigtig, doen dit tydsaam.

Dit is die soort selfgesprek wat daagliks – nee, uurliks – word. Dink eers mooi oor 'n optrede, 'n opmerking, al kos dit tyd.

Deurdink die volgende stap, net soos wyn moet verouder. 'n Mens is uiteindelik dankbaar jy het Vader Tyd kans gegee om oor jou te waak, sodat Moeder Wysheid in jou oor kan fluister.

Ongelukkig kom dit eers met ouderdom, saam met die ongewenste grys hare en plooie.

Die insig is veel kosbaarder as oorhaastige, verbroude dade.

Dit is nie maklik om maatemmers ongeduld in jou gene met geduld te verplaas nie.

Wag dus met 'n glas verouderde wyn dat die vlamme uitwoed, dat die kole begin gloei, dat die rypgemaakte steaks netjies op die rooster gerangskik word.

Of die potjiekos geduldig laag vir laag gepak word om die lekkerste, geurigste sous op te tower. Dit is die ware beloning.